Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2024-01-19

Geagte Ouers

NUUSBRIEF 1/2024

Welkom terug na die feesseisoen. Ons glo dat die 2024 akademiese jaar vir elkeen ‘n geseënde jaar sal wees. ‘n Spesiale verwelkoming aan al die nuwe leerders en hul ouers wat vanjaar by die Laerskool Stulting-familie aansluit. Ons glo dat julle gou tuis sal voel by ons. Ons beplan weer ‘n besige jaar met vele aktiwiteite. Raak gerus betrokke. Alles wat ons doen is vir ons kinders!

Ons verwelkom twee nuwe personeellede by die skool. Mnr. Darius Pretorius (studente-opvoeder) en mnr. Johan Nel (Gr. 5 registerklas onderwyser). Ons wens hulle net die beste toe en sien uit na hul bydrae tot ons skool.

AKADEMIE

Akademiese skooljaar 2024: Die skool se skoolure is as volg:

Gr. RR-2:	07:30 – 13:02
Gr. 3:	07:30 – 13:32
Gr. 4-7:	07:30 – 14:00

Jaarprogram 2024: ‘n Voorlopige jaarprogram is reeds per klasgroep en op die skool se “Broadcastgroep” versprei. Neem asb. kennis van hierdie belangrike datums. Addisionele datums sal mettertyd, soos dit ontvang word, bygevoeg word.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

SPORT en KULTUUR

Deelname: Ons verwag dat elke leerder in die skool aan ten minste een sport- en of kultuuraktiwiteit per kwartaal deelneem. Deelname is belangrik vir die fisieke-, sosiaal- en emosionele ontwikkeling van elke kind.

Interhuis atletiek 2024: Vrydag 26 Januarie (*Velditems – Laerskool Stulting*) en Maandag 29 Januarie (*Baanitems – Hoërskool Nico Malan*). Meer inligting word later bekend gemaak.

Atletiekoefening: Volgende week (22-25 Januarie) volg ons slegs die atletiek middagrooster. Leerders het dit vandag ontvang.

Buitemuurserooster: Die aktiwiteite op die buitemuurserooster begin op Dinsdag 30 Januarie. Leerders ontvang die rooster op Donderdag 25 Januarie.

FINANSIES

Skoolfooie 2024: Baie dankie aan elke ouer wat so getrou bygedra het tot hul skoolfooie in 2023. Ons is geheel afhanklik van skoolfooie om die hoë standaard van onderrig by ons skool te handhaaf. U het reeds u skoolfooirekening vir die jaar ontvang.

Die skool se bankbesonderhede is as volg:

Bank:	NEDBANK
Tak:	126-317 (Humansdorp)
Rekening No.:	1263020119
Verwysing:	3-syfer rekeningnommer regs bo op elke rekening
E-pos:	skoolfooie@stulting.co.za

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

Gr. 7 Fondsinsameling – Stulting Valentynsdans: Hou asb. Vrydag 16 Februarie 2024 oop op u kalender vir die jaarlikse Valentynsdans en –ete wat by The Woods plaasvind. Koste: R 300 per persoon. Skakel gerus 042-2951119 vir navrae.

STULTING NASORGSENTRUM

Stulting Nasorg: Die Stulting Nasorgsentrum voorsien ‘n volledige diens aan leerders vanaf Maandae tot Vrydae (13:00-17:00), met hulp in huiswerk en ander nasorgaktiwiteite. Skakel die skoolkantoor of die onderwyser in beheer, me. Danelle Viljoen (0763696096) vir meer inligting.

KOMMUNIKASIE

Skool kommunikasie: Die skool (personeel en kantoor) gebruik die *WhatsApp* toepassing vir kommunikasie met ouers. Indien u nie die toepassing gebruik nie moet u asb. met u kind se registeronderwyser of die skoolkantoor skakel.

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF